**In die begin het God...**

**Gen 1:1-13**

**5 Maart 2023**

1. Motivering vir bestudering van Genesis
    a. Volg, in 'n sekere sin, op Openbaring, Numeri en Hebreërs
    b. Bespreek aanvanklike werksverbond van God met Adam, en verskeie dele van God se ewige genadeverbond: verbond met Adam na sondeval, met Noag en met Abraham
    c. Deel van God se geïnspireerde openbaring aan mensdom
    d. Op 21-22 gryp op baie plekke terug na Gen 1-2 (Op 21:3, 1, 23, 22:3)
2. Die boek Genesis
    a. Deel van Pentateug, met Moses as skrywer, o.l.v. die Heilige Gees
    b. Eerste lesers is die volk Israel. Ook aan ons gerig – God se openbaring is tydgebonde, maar ook tydloos
    c. Struktuur: 11 Toledots – "Hier volg die (familie)geskiedenis van...."(Gen 2:4, 5:1, 6:9. 10:1, 11:10, 27, 25:12, 19, 36:1, 9, 37:2)
3. Genesis 1 en 2 - Skeppingsgebeure
    a. Kan kontroversieel wees met oënskynlike probleme (bv.: Gen 1:1-2 vs Gen 1:3 ev, Gen 1:5 vs 14, Gen 1:11 vs 14, volgorde van gebeure in Gen 1:1-2:3 vs Gen 2:4-25, verskille tussen Gen 1 en baie wetenskaplike teorieë)
    b. Fokus van Gen 1-2 is eerder <u>dat</u> God geskep het en die <u>doel</u> waarom God geskep het, nie primêr <u>hoe</u> God geskep het nie
4. Die genre / literatuursoort van Gen 1 en 2
    a. Tipe genre het effek op interpretasiemetode
    b. Toledot in Gen 2:4 suggereer Gen 2:4 en verder is geskiedenis/prosa/narratief
    c. Genre van Gen 1 is kompleks:
        - CJ Collins: exalted prose narrative
        - Bruce Waltke: literêre verduideliking van verband tussen God en Sy skepping, sodat die verbondsgemeenskap kan weet skepping is deur God geproklameer, Hy is intiem betrokke want Hy het 'n besondere doel
        - Nico van der Walt: elemente van prosa/narratief/geskiedenis en poësie
    d. Nie dogmaties aan 6x24uur skeppingsdae vashou nie
        - Sewende dag gaan steeds voort (God rus steeds van Sy skeppingswerk)
        - "Dag" het meer betekenis as net 24 uur (Gen 4:3, 30:14, Jes 4:2)
5. In die begin het God die hemel en die aarde geskep (Gen 1:1)
    a. Dit is die eerste saak wat God in Sy openbaring aan mensdom bekend maak
    b. "In die begin...": Daar was 'n begin vir die heelal
    c. "In die begin het <u>God</u>...": God is die Skepper – Hy is die enigste een wat aktief is in Gen 1
    d. "... die hemel en aarde gemaak": God het alles gemaak, uitgesluit God self
    e. Vgl: Ps 8:4, Heb 11:3, Heb 1:2, Op 4:11
    f. Skepping is omgewing waarbinne God met mense werk om hulle te oortuig Hy is waardig om verheerlik te word (vgl Ps 72:18-19)
6. Afsluiting